Keuringsverslag

Amanda du Preez

Buro vir Universiteitsonderrig, Unisa
e-mail: dpreeaa@alpha.unisa.ac.za

Wat volg is slegs enkele opmerkings ten einde 'n gesprek rondom die inhoud oop te maak.

Geweld soos dit uitgebeeld en geïnterpreteer word deur regisseur Oliver Stone in Natural Born Killers word myns insiens soms deur die outeur te eenduidig hanteer. Die outeur beskryf die geweld in Natural Born Killers, onder andere as vervreemdend ten opsigte van "normale" tydsbesef, onrealisties en van 'n strokiesprent aard. Daarbenewens word hierdie "onrealistiese" geweld aangebied in die sogenaamde meer "realistiese" konteks van televisie-joernalistiek wat, volgens die outeur, die toeskouer verder verwar. Die outeur pleit selfs dat die geweld nie in al sy aakligheid (soos in The Untouchables) uitgebeeld word in Natural Born Killers nie. Met ander woorde die geweld in The Untouchables is van 'n meer outentieke aard, as die geweld soos uitgebeeld in Natural Born Killers. Die feit dat die outeur heimlik aanspraak maak op 'n meer of minder realistiese uitbeelding van geweld, dui daarop dat die gemediëerde aard van geweld per se oorgesien word. Daar skuil ook vermoedelik die verwagting dat 'n "ware" geweldsidee wel bestaan. Dit is vir dié rede dat die geweld soos uitgebeeld in The Untouchables, volgens die outeur nader aan 'n "ware" geweldsidee staan as die geweld soos uitgebeeld Natural Born Killers.

Verder kan die wêreld van televisie-joernalistiek ook geensins as meer "realisties" as 'n strokiesprent getipeer word nie. Die wêreld van televisie-joernalistiek word voorgeskryf deur beelde en verval en vervlak tot ën groot mate tot blote beelde. Daarom die bekende stuk deur Baudrillard getiteld The gulf War did not happen. Dit beteken niê dat daar nie ën traumatiese geweldgebeure anderkant die skerms en beelde afspeel nie. Dit beteken bloot dat ten spyte van ons beste intensies, die ware geweldsgebeure ons altyd weer ontsnap.

Die outeur kritiseer Natural Born Killers ook op grond daarvan die film veronderstel is om 'n

satiriese kyk op die geweldskultuur te wees en nie daarin slaag nie. Die feit dat daar in Natural Born Killers geen reflektiewe kommentatorskarakter is nie, asook geen moment van komieklikheid nie, word deur die outeur uitgelig as redes waarom Natural Born Killers onder.andere nie as 'n satire "gelees" kan word nie. (Behalwe dat Tommy Lee, volgens my, as die tronkbewaarder skreeusnaaks is!) Met ander woorde regisseur Oliver Stone het té naby aan sy bronmateriaal van opeenvolgende beelde en filmiese genres beweeg om enigsins kritiek te kon aanteken, volgens die outeur. Die outeur sien myns insiens die rol van die toeskouer as moontlike introspektiewe kommentator oor in hierdie verband. Die toeskouer is die een wat die verbyflietende beelde moet aanskou tot sò mate dat hy/sy byna weerstandig word.

Verder veronderstel die outeur se pleidooi vir satire dat daar iewers 'n verskuilde essensiële geweldsidee bestaan en dat die regisseur hierdie essensie van geweld in sy filmiese vertolking misgekyk het. Die feit dat Natural Born Killers ën pastiche en soms 'n histeriese pastiche van beelde en genres is, is juis omdat die regisseur om geen ander wyse die geweldskultuur waarin ons leef kan "kritiseer" nie as juis deur intense beelde van geweld te herskep - juis deur hiperbeelde van geweld te skep nie. Die feit dat die regisseur geen onderskeid maak tussen meer en minder realistiese uitbeeldings van geweld nie, teken 'n belangrike kritiese moment aan. Stone kan nie die beelde kultuur kritiseer anders as juis deur die beelde kultuur na te boots nie, en deur die nabootsing word daar 'n verskuiwing of 'n wending aangekondig. Stone se metodiek is geweldadig opsigself met die doel om geweld na te boots en in die nabootsing kan daar 'n verskil oop gemaak word, kan daar 'n breuk met geweld aangekondig word.

Die outeur vertolk ook die "verhaal" van Mickey en Mallory as die sinneloos doodsjag van twee bloeddorstige moordenaars (wat hulle wél is). Tog word daar visuele leidrade aan ons gegee waarom die twee karakters so skynbaar sinneloos doodmaak. Hier wil ek nie aanvaar soos die titel aandui dat Mickey en Mallory "natural born killers" is nie, m.a.w. ek wil nie in 'n genetiese deterministiese argument verval nie. Dit beteken dat Mickey en Mallory nie geneties gedryf word om te moor nie. Daar spook wel by albei karakters beelde van geweldadigheid, hetsy die beeld van 'n pa wat homself doodskiet voor sy seun of die beeld van 'n pa wat sy dogter onsedelik aanrand. Die feit dat die twee karakters van kleins af ingeskryf word in 'n geweldadige beeldekultuur, gee sekere aanduidings waarom die twee so skynbaar sinneloos moor.

Daarmee maak ek nie voorspraak vir die twee se moordveldtog nie, maar probeer ek aandui dat die karakters wel in 'n geweldskonteks geplaas kan word, waaruit nie een van ons kan ontsnap nie.

Die outeur sluit af met 'n spanning wat hy indryf tussen films wat 'n spektakel' is teenoor films wat `narratief' te werk gaan. Dit is duidelik dat die outeur 'n voorkeur vir die narratiewe film het. Die soort splitsing is problematies, want dit dui implisiet op 'n hieragie van vooroordele. Volgens die outeur voldoen Natural Born Killers nie aan die bekende narratiewe modus van kommunikasie nie. Dit beteken dat Natural Born Killers 'n spektakel is, wat deur geen samebindende narratief ondersteun word nie. Ek stem saam dat Natural Born Killers nie een oorkoeplende samebindende "storie" vertel nie, maar wel verskeie "stories". So kan die verhaaltjie van die verlossende aard van die liefde of die tema van Mickey en Mallory as "lewende dooies" as voorbeelde van 'n multi-narratief genoem word.

Voorts word Natural Born Killers volgens die outeur as ën simptoom van ekstreme irrasionaliteit beskryf en dit bekommer die outeur. Natural Born Killers word as onsamehangend en irrasioneel beskryf, byna subliem in my opinie. Hoekom word die konsepte van inkoherensie en irrasionaliteit as problematies aangebied deur die outeur, anders as om konsepte soos koherensie en rasionaliteit, wat sê behoorlik deur die postmoderne gediskrediteer is, weer in ere te herstel. Soos reeds verduidelik speel Natural Born Killers wel af binne ën konteks waarin beelde oorheers tot so mate dat ën onderskeid tussen werklikheid en onwerklikheid byna onmoontlik word as ons Baudrillard moet glo. Natural Born Killers is volgens my ën geslaagde apokaliptiese waarskuwing wat deur die skep van nagebootsde hiper-beelde van geweld ën verskil wil aanteken.